**Titel:** Honger en dors vir Jesus
**Spreker:** Alistair Kingwill
**Datum:** 19 April 2015
**Tyd:** 09:00

shofar

## markus 5:24-34 (1983)

24 Hy het saam met hom gegaan. 'n Groot menigte het agter Hom aan gegaan en hulle het van alle
kante af teen Hom gedruk. 25 Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het.
26 Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het, daaraan
bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger.27 **Sy het van
Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van agter af aan sy klere geraak**,28 want sy het
gedink: **as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word**. 29 En dadelik het die bron van haar
bloedvloeiing opgedroog, en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae was.
30 Jesus het ook self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom in die
gedrang omgedraai en gevra: "Wie het aan my klere geraak?" 31 Sy dissipels het Hom geantwoord: "U
sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?"32
**Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het**.33 Die vrou het geskrik en gestaan en bewe,
want sy het besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir Hom
haar hele geskiedenis vertel.34 Daarna sê Hy vir haar: "**Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in
vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees**!"

## lukas 19:1-10 (1983)

1 Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad. 2 Daar was 'n man met die naam Saggeus,
die hooftollenaar, 'n ryk man. 3 **Hy het geprobeer om Jesus te sien**, maar weens die skare kon hy nie,
omdat hy te kort was.4 **Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wildevyeboom om Jesus te kan sien,
want Hy sou daar verbygaan. 5 Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, kom
gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan." 6 Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydskap
ontvang. 7 Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: "Hy gaan by 'n sondige man tuis!"
8 Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die
armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." 9 Daarop sê Jesus:
"Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham.10 Die Seun
van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."**

**Lesse om te leer uit die verhale:**

1. WE#1: Daar is altyd 'n skare.
2. WE#2: Elkeen het 'n behoefte.
3. WA#1: Jesus reageer op jou geloof (Markus 5:27-28, Lukas 19:3-4).
4. WA#2: Jesus het krag vir jou behoefte (Markus 5:34, Lukas 19:9-10).